Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.










DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 11 OKTOBER 1944. No. 47.

# Volksbeweging Voer Stryd Teen Vraagstukke en Euwels

## Kan Daarom Ook Ander Organisasies se Hulp Aanvaar en Hul Lede Erken

**O.B.-lede wat totsover nog verkies het om ook lid van die een of ander politieke party te wees, word eersdaags voor 'n keuse gestel om òf hul party te verlaat òf die O.B. te bedank. Dit is daarom nodig om vir hulle die keuse 'n bietjie op te helder. Vir dié doel moet daar duidelik onderskei word tussen die wese van 'n politieke party en die wese van 'n Volksbeweging soos die Ossewabrandwag.**

'n Politieke party word in die lewe geroep om stryd te voer teen '**n ander politieke party binne dieselfde volk.**

Om verkiesings te wen deur die stel van kandidate teenoor die kandidate van die ander party, is sy hoofbedrywigheid. **Selfs die dag as hy regeer, is die hooftaak van die regerende party nie om die land te bestuur nie, maar om die volgende verkiesing te wen teenoor die opposisie.**

Neem by voorbeeld genl. Smuts se optrede in verband met die verkiesings verlede jaar. Aanvanklik toe die anti-oorlogsgevoel nog hoog gevlam het, het die regering geweier om verkiesings uit te skryf — selfs toe dit volgens wet moes plaasvind. Maar toe die oorlog 'n gunstige wending neem en die opposisie homself verdeel het, was 'n verkiesing glad nie meer iets wat die gevoelens onnodig sou beroer nie. Toe is dit gehou. En hoe bewus elke politikus is van hierdie hoofstrewe by 'n regerende party, blyk ook uit dr. Malan se waarskuwing verlede week waarin hy voorspel dat die regering kort na afloop van die oorlog 'n verkiesing sal uitskryf solank die soldate nog in kampe en dus nog onder regeringsinvloed staan, ondanks die feit dat die volgende verkiesing eers in 1948 moet plaasvind!

**Daarom sê ons dat die hoofdoel van 'n party is om stryd te voer teen 'n ander party.** As daar dan so oorlog gemaak word teen 'n groep volksgenote in 'n ander party, is dit noodsaaklik dat die ondersteuners van die afsonderlike partye baie duidelik onderskei moet word van hul teenstanders, sodat hulle nie dalk raakgeskiet word nie — net soos in oorlogstyd vereis word dat die soldate verskillende uniforms moet dra. Partyvolgelinge is dan ook altyd bekend by die een of ander naam, b.v. Sap en Nat of Smelter en Gesuiwerde. **En Sap en Nat mag nie aan dieselfde politieke organisasie behoort nie. Nee, hulle staan op voet van oorlog en mag nie saamboer op politieke terrein nie; hulle mag nie deur die draad kruip nie, dan word hulle teruggeskop — behalwe natuurlik as hulle eers op 'n afstand verraad pleeg teenoor die ou party en sodoende hul vorige trou afsweer.** So staan daar byvoorbeeld in die Konstitusie van die H.N.P. die volgende te lees: „Art. 4 (1) (b). — Op die politieke terrein eis die Party die onverdeelde trou van al sy lede. **Geen lid van die Party kan daarom lid wees ook van enige ander politieke party of van enige ander organisasie met 'n politieke strekking, wat deur die Kongres of deur die Hoofbestuur handelende namens die Kongres verklaar word as in stryd te wees met die beginsels van die Party of met die belange van die Party as 'n vrye en onafhanklike politieke liggaam nie.**"

### WILLEKEURIG

Nou moet daarop gelet word dat hierdie bepaling, opgeneem in 'n partykonstitusie, 'n willekeurige besluit is. **Dit is 'n willekeurige versnippering van die volk, 'n willekeurige skeiding tussen volksgenote, en nie iets natuurliks soos die beginsel dat mens nie lid van twee volke kan wees nie. Dit is 'n kunsmatige skeiding regstreeks in stryd met die natuurlike beginsel wat vereis dat lede van dieselfde volk wel op politieke terrein kan en moet saamwerk tot beswil van die hele volk en van die volksgenote afsonderlik wat uit so 'n samewerking alleen kan baat.**

En as die een of ander politieke party op grond van hierdie willekeurige bepaling in sy konstitusie volksgenote uitskop omdat hulle ook aan 'n ander politieke organisasie behoort, dan bewys hy slegs daarmee dat hy **nooit die hele volk kan omsluit nie, maar dat hy 'n brokstuk is van 'n deur partypolitiek verbroke volk. En hierdie brokstuk se lewensroeping ooreenkomstig die wet van die partypolitiek is nog boonop om oorlog te voer teen die ander brokstukke van dieselfde volk!**

Dit is die wese van 'n politieke party en daarom is dit onmoontlik om deur middel van 'n party volkseenheid te bewerkstellig. Die geskiedenis bewys dan ook dat in alle lande waar die partystelsel geheers het, die volk in steeds toenemende mate verbrokkel is. In Italië was daar voor Mussolini se oorname sewentien partye, in Duitsland sewen-en-veertig en in ons eie land is daar al 'n stuk of elf.

### VOLKSBEWEGING

'n Volksbeweging soos die Ossewabrandwag daarenteen, se doel is nie om stryd te voer teen ander organisasies nie, **maar om stryd te voer teen volksvraagstukke en euwels wat die voorspoedige ontwikkeling van die volk verhinder.** En as hy die hulp van 'n ander organisasie in daardie stryd teen vraagstukke en euwels kan bykry, nou ja, dan aanvaar hy sulke hulp met gretigheid. **Daarom het die Ossewabrandwag nog nooit sy lede beveel om uit enige van die partye te bedank waaraan hulle behoort nie, want hy veg nie teen die ander partye nie, maar teen vraagstukke en volksbedreigings.** Hy ken net volksgenote en dis vir hom van minder belang aan watter party daardie volksgenote behoort en of hulle aan 'n ander party behoort. Hy betreur slegs die feit dat hulle verdeeld staan **Daarom het die Ossewabrandwag in die verlede nog steeds gepoog om selfs aan die parlementêre front samewerking te bewerkstellig tussen politieke partye en groepe wat dieselfde oogmerke het, en daarom het die Grootraad op sy onlangse sitting hierdie beleid verder deurgevoer met sy besluit om by 'n aanstaande verkiesing die inisiatief te neem om alle Afrikaners in 'n gemeenskaplike front te mobiliseer in belang van die vryheidsideaal wat**

**veral ook beteken vernietiging van die geldmag en die kommunistiese gevaar.**

Hierdie gevare kan alleen bestry en oorwin word deur 'n verenigde volk, en daarom moet daar nou 'n begin gemaak word om die volk op 'n breër grondslag te organiseer en alle Afrikaners se oë oop te maak vir die groter eenheid waarin ons net volksgenote sal ken in plaas van partygenote soos in die partypolitiek, en waar die hulp van alle volksgenote gesoek sal word en nie weggestoot word omdat 'n kunsmatige partykonstitusie hulle diskwalifiseer nie.

# Regering Belet Heldedagviering By Koffiefontein

**Die Regering het 'n verbod uitgevaardig op die vier van Heldedag naby Koffiefontein, wat op 10 Oktober sou gewees het. 'n Week voor die viering sou plaasvind, het die Vrystaatse Gebiedskantoor 'n kennisgewing van die magistraat in Bloemfontein ontvang waarin hy kragtens die Noodregulasies verbied dat meer as twintig persone op daardie dag in die magistraatsdistrik van Koffiefontein mag vergader. Daar is toe besluit dat die Kommandant-generaal en gebiedsleier C. L. de Jager agtien offisiere by Koffiefontein sal toespreek wat die hele Ossewabrandwag daar sal verteenwoordig.**

**Die Kommandant-generaal het die volgende verklaring uitgereik in verband met die verbod:**

Een van die eerste Noodregulasies wat die Empire-regering gepromulgeer het, was die reg om vergaderings van meer as twintig persone te belet. **Na ses jaar het hulle nou vir die eerste keer hierdie bepaling se hulp ingeroep. Vanselfsprekend speel mens so 'n troefkaart waar die nood op sy hoogste is.** Die verbod is op 'n O.B.-vergadering vir Heldedag te Koffiefontein. Die martelare van die Afrikaner se vryheidstryd in hierdie oorlogsjare sit in 'n konsentrasiekamp, oonaangeklaag en onverhoord. Om hulle te eer is die vergadering belê. **In sy histeriese angs en skuld het die regering die vergadering beperk tot twintig persone. Daardie twintig persone verteenwoordig op 10 Oktober die hele O.B. en die gewete van die Afrikanervolk teenoor die martelare vir die vryheid.**

### MYNWERKERS ONTEVREDE MET HUL BESTUUR

Die maandelange onderhandelings van die Mynwerkersbond om 'n loonsverhoging van 30 persent het uitgeloop op 'n kompromis tussen die bestuur van die bond en die mynbase. Die bestuur het ingewillig om, in plaas van die loonsverhoging, jaarliks vir vyf jaar lank £100,000 aan spesiale voorregte te ontvang. **Hierdie toegewing het sterk reaksie in mynwerkerskringe uitgelok en 'n reeks mosies van wantroue is reeds in die bestuur van die Mynwerkersbond aangeneem. Hiedie bestuur kan lank nie meer as verteenwoordigend van die mynwerkers beskou word nie, aangesien deur noodmaatreëls belet is dat daar tydens die oorlog 'n nuwe bestuur saamgestel word. Sommige mynwerkers het besluit om geen ledegelde meer aan die bond te betaal solank die huidige bestuur aanbly nie.**



DIE O.B., WOENSDAG, 11 OKT. 1944.

# Teen Die Draak

Hoe kan ons eenheid verkry? Hierdie vraag is in die afgelope tyd op almal se lippe, en die oplossing van hierdie vraag was een van die hoofdoelwitte van die Ossewabrandwag sedert sy stigting. Om die vraag te beantwoord moet ons vra: **wat verdeel ons volk?** Laat ons sien: Op ekonomiese gebied is daar geen verdeeldheid nie, want oor die algemeen ondersteun Afrikaners Afrikaanse besigheidsondernemings, **behalwe as hulle geboikot word op grond van hul partypolitieke oortuiging.** So is daar op maatskaplike gebied ook geen verdeeldheid tussen Afrikaners nie, **behalwe as vriende van mekaar verwyder word op grond van hul partypolitieke geskille.** Op kulturele gebied is daar geen verdeeldheid nie, want ons kultuurfeeste word nog deur alle Afrikaners bygewoon, **behalwe as sommige wegbly weens partypolitieke vooroordeel.** Op godsdienstige gebied is daar algemeen gesproke geen stryd nie, en ons vind die hartlikste samewerking tussen kerkmanne, **behalwe as daar verskil van mening ontstaan oor die partypolitieke opvatting van die een of ander.**

**DIE KIEM**

En nou vind ons al sommer dadelik die kiem van verdeeldheid: **die partypolitiek. Oral waar die partypolitiek sy kop uitsteek, daar kry ons twis en tweedrag.** Nie die politiek as sodanig bring die verdeeldheid nie, want binne die Ossewabrandwag heers daar die wonderlikste lotsgemeenskap tussen manne en vroue wat aan drie, vier verskillende partye of politieke organisasies behoort, maar wat nogtans op die gebied van volkspolitiek binne die Ossewabrandwag 'n eenheidsgees openbaar. **Dus nie die politiek as sodanig staan veroordeel nie, maar die besondere soort politiekbeoefening wat ons partypolitiek noem, is die bron van alle kwaad.**

As ons nou die oorsaak van die kwaal vasgestel het, kan ons oorgaan tot die geneesmiddel. Dit sal nie help om pleisters op die bose sweer van partypolitiek te sit nie, soos sommige voorstel wat meen dat hierdie of daardie leier die knie moet buig voor die ander, of dat albei of meer die knie moet buig voor 'n onpartydige skeidsregter nie, want onder die pleister sal die kwaad voortwoeker om maar soveel heftiger uit te bars op 'n later tydstip. **Die regte weg is om die kwaad te verwyder, en dit beteken dat die volk die partypolitiek moet uitdelg — hierdie veelkoppige draak wat volksgenote uitmekaar laat vlieg net waar hy sy kop uitsteek.**

**WEG AANGEWYS**

En hier het die Grootraad met sy jongste besluit die pad aangewys. In die plek van die partypolitiek moet daar iets anders gestel word wat samewerking sal bevorder. Dit help nie dat ons trane stort oor die feit dat daar nog Afrikaners is wat wil voortgaan om die volk te vergiftig met hierdie vreemde stelsel wat elke Europese land wat hy besoek het, tot op die fondamente afgebreek het nie. Sewemaal het die Ossewabrandwag die partypolitiek probeer oorreed om die breë pad van samewerking te volg deur die daarstelling van 'n volksfront in verkiesingstyd in die plek van die huidige partyfronte. Sewemaal is hierdie poginge deur die politici van die hand gewys. **Al wat nou oorbly is dat almal wat dit eerlik meen as hulle van volkseenheid praat, die geledere moet sluit en die stryd aanbind nie teen mede-Afrikaners nie, maar teen die draak self wat ons verdeel. Ons moet 'n ruime volksfront skep waarin die samewerking van alle groepe en persone wat op die breë grondslag van staatkundige ekonomiese en sosiale vryheid staan, 'n frontaanval kan maak teen die partypolitiek by 'n aanstaande verkiesing.**

Hierdie volksfront, indien almal wat op dieselfde grondslag staan hul gewig inwerp, staan in die beste geleentheid om die oorwinning te behaal, want sy teenstander, die partypolitiek, is in twee groepe verdeel — miskien teen daardie tyd al weer in drie of vier. Die uitslag van die tussenverkiesing in Germiston was 'n aanduiding van hoe die kanse staan. Ondanks die tergende voedselvraagstukke het die regerende party 1,600 stemme en die opposisieparty 800 stemme minder as die vorige keer gekry, en meer as die helfte van die stemgeregtigdes het buite stemming gebly. **Dit het Die Burger laat opmerk dat talle ontevrede kiesers wat van die Verenigde Party losraak, nie hul pad na die H.N.P. vind nie, maar na „paddastoel-partytjies" gaan. Hierdie mense sal hul weg vind na die groot volksfront in sy aanslag teen die draak van volksverbrokkeling en staatsonmag — die partypolitiek.**

# Pole: Die Skrif aan die Muur

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Hierdie ongelukkige land met sy tragiese geskiedenis is in die jongste tyd weer dikwels in die nuus. Op die oomblik is Pole weereens soos in 1939 en 1941 'n slagveld. Die grootste gedeelte van Pole word deur die Russe beset; die orige deel staan onder Duitse besetting. In Londen is daar 'n Poolse vlugteling-regering wat onder die voogdyskap van die Angel-Saksers staan en wat daarop aanspraak maak dat hy namens alle Pole praat en dat hy die ware gesag oor alle Pole voer; in Lublin, in die deel van Pole wat deur Sowjet-Rusland beset word, sit die sogenaamde Poolse Komitee wat onder die voogdyskap van die Kremlin staan en wat daarop aanspraak maak dat hy namens alle Pole praat. Tussen die Pole in Londen en Lublin word oor en weer allerhande nare verwyte teen mekaar gemaak en is die verhouding alles behalwe broederlik. Die jongste gebeure in Pole is dat 'n Poolse opstand in Warschau teen die Duitsers bloedig onderdruk is, dat die Poolse hoofstad totaal verwoes is en dat genl. Bor, die leier van die Poolse opstand en die bevelvoerder oor alle Pole volgens die Poolse regering in Londen, maar die „misdadiger" van Warschau volgens Moskou, vandag in Duitse gevangenskap sit sonder dat Stalin veel gedoen het om Warschau en Bor te red.

### „Polnische Wirtschaft"

Die tragiese gebeure in Pole sedert 1939 het nie somarso uit die hemel geval nie, maar is grotendeels die produk van hierdie land se geografiese ligging en van sy eeue-oue geskiedenis. As grensland tussen Pruise, Russe, Oostenrykers, Swede en Turke was hierdie land in die verlede dikwels die oorsaak van bloedige oorloë in Europa. Maar nie alleen sy geografiese ligging nie maar ook die Poolse huishouding self met sy troonsopvolgingsgetwiste, sy oppermagtige grondadel en sy onderdrukte kleinboere en die groot rol wat die Roomse kerk gespeel het, was oorsaak van menige Europese botsings. Poolse regeringshuishouding het in die verlede dieselfde betekenis gedra as 'n huishouding wat agterstevoor en deurmekaar is. Pole is in die verlede beskryf as 'n huis „chronically smoking through the slates". In die jaar toe Jan van Riebeeck hier voet aan wal gesit het, is 'n Poolse wet, die „Liberum Veto" gemaak waarvolgens enige lid van die parlement die wetgewing kon verongeluk deur hoorbaar uit te roep „nie pozwalam", d.w.s. „ek laat dit nie toe nie"! As 'n mens die ou Poolse geskiedenis lees dan begryp jy hoe netjies die jongste gebeure in hierdie ongelukkige land in die raamwerk van sy historiese verlede pas.

### Die Poolse Republiek van Versailles

Die Poolse republiek van 1919-1939, net soos Tsjeggo-Slowakye, Roemenië, Suid-Slawië, Finland en die Oossee-state, is egter hoofsaaklik 'n produk van die eerste Wêreldoorlog en van die verdrag van Versailles. Al hierdie state is nie alleen gebore of vergroot uit die swakheid en ten koste van die verslane Sentraal-moondhede en Rusland nie, maar hulle is juis gestig en versterk om veral teen Rusland en Duitsland as skanse te dien en die verdragsbepalings van Versailles te help handhaaf. Hul voortbestaan sou egter afhang nie van die verdrag van Versailles, of die Volkebond, of bondgenootskappe wat hulle onderling met mekaar gesluit het, of van Brits-Franse waarborge nie maar van die magsontwikkeling in hul groot buurstate Duitsland en Rusland.

Gedurende sy 20-jarige bestaan sedert 1919 het die Poolse republiek nie daarin geslaag om verhoudings van vrede, vriendskap en veiligheid met sy buurstate te ontwikkel nie. Selfs die klein buurstate Littoue en Tsjeggo-Slowakye moes by meer as een geleentheid kennismaak met onvriendelike Poolse dade. Deur selfoorskatting, deur oorskatting van die waarborge uit Londen, Parys en Genève en deur onderskatting van sy magtige buurstate Duitsland en Rusland, het Pole sedert 1 September die een na die ander ramp deurgemaak. En nog is die einde van hierdie rampe nie daar nie soos die jongste gebeurtenisse in Warschou bewys.

### Waarborge aan Pole wyk vir Toegewings aan Rusland

Dit is ou nuus dat die Brits-Franse waarborg aan Pole in 1939 die onmiddellike oorsaak van die huidige wêreldbrand was. Dit is ook ou nuus dat die Amerikaanse president Roosevelt en die Britse premier Churchill in 1941 op die Atlantiese Oseaan aan boord van die ongelukkige Britse slagskip, die „Prince of Wales", 'n „Atlantic Charter" opgetrek, onderteken en wêreldkundig gemaak het. Volgens hierdie Charter is Angel-Saksiese altruïsme in die wêreldpolitiek en Angel-Saksiese waarborge aan klein volkies opnuut beklemtoon.

Sedert 1941, d.w.s. sedert Sowjet-Rusland 'n bondgenoot geword het, het die Pole al minder en minder van die waarborge van 1939 en van die „Atlantic Charter" verneem. As 'n mens vandag moet oordeel volgens die Brits-Amerikaanse nuusdiens oor Pole en volgens die gebeurtenisse insake Pole dan lyk dit byna of al die Angel-Saksiese waarborge aan hierdie ongelukkige land net so diep begrawe is as die ongelukkige „Prince of Wales" self. Hoe diep die Britse waarborge aan Pole en die „Atlantic Charter" onder die berg van Britse toegewings aan Rusland insake Pole begrawe is, het ons onlangs uit die Britse Laerhuis self verneem. Al sou die verhouding tussen Brittanje se twee bondgenote Rusland en Pole, volgens Eden, 'n saak wees wat by die Britse regering „die uiterste besorgdheid" verwek, dan nog het Rusland die reg, volgens Churchill, om aan te dring op 'n goedgesinde Pole langs hom, en die reg om die grens tussen hom en Pole na wens te bepaal. Het Pole in die saak van eie grense dan geen regte nie? Sou die huidige Churchillse standpunt teenoor Russies-Poolse grense nie vir die wêreld en vir Brittanje en Pole self veel ellende gespaar het as dit voor September 1939 ook teenoor Duits-Poolse grense ingeneem was nie?

Die geval Pole is vir Europa die skrif aan die muur.


## VERGADERING

DIE

**Kommandant-Generaal**

**(Dr. J. F. J. van Rensburg)**

SPREEK 'N VERGADERING TOE

te

*LADY GREY*

op

*24 OKTOBER*

***om 7.30 nm.***

**Brandwagte en offisiere van omliggende kommando's word hartlik uitgenooi. Besonderhede word plaaslik gereël.**

## Heldedag-Viering

HELDEDAG SAL GEVIER WORD

in die

**Nasionale-Saal**

te

**PAROW**

op

***14 Oktober om 7.30 nm.***

Spreker:

**DS. J. W. J. VAN RYSSEN.**

Musiek en 'n verskeidenheidsprogram word verskaf.

Alle Afrikaners word hartlik uitgenooi.

## Reisplan Dr. P. J. Meyer.

**(Oos-Kaapland)**

Dr. P. J. MEYER, Voorligtingshoof, spreek vergaderings toe op die volgende plekke, tyd en datums:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| MIDDELBURG, | DINSDAG | 17 | OKTOBER | 7.30 n.m. |
| GRAAFF-REINET, | DONDERDAG | 19 | „ | 7.30 n.m. |
| PORT ELIZABETH, | SATERDAG | 21 | „ | 7.30 n.m. |
| SOMERSET OOS, | MAANDAG | 23 | „ | 7.30 n.m. |
| CRADOCK, | DINSDAG | 24 | „ | 7.30 n.m. |
| TARKASTAD, | WOENSDAG | 25 | „ | 2 n.m. |
| STERKSTROOM, | WOENSDAG | 25 | „ | 8 n.m. |
| JAMESTOWN, | DONDERDAG | 26 | „ | 2 n.m. |
| BURGERSDORP, | DONDERDAG | 26 | „ | 8 n.m. |

Alle verdere reëlings sal plaaslik bekend gemaak word.



***Die O.B. Veg aan die Arbeidsfront.***

Hier, met die Rand as middelpunt, word oor ons Volkstoekoms beslis.

*LEES*

die eerste Afrikaanse boek oor

**Die Stryd van die Afrikanerwerker**

(in die afgelope 60 jaar)

*deur*

*DR. P. J. MEYER (wnde. O.B.-Arbeidsleier).*

Om die Afrikaner-sosialistiese strewe van die O.B. volledig te verstaan, moet u weet van die botsende strominge in die arbeidswêreld.

Prys 2/6 posvry. — Bestel van:

PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,

Posbus 4892, JOHANNESBURG.

**Volkspeleaand!!**

'N GROOT VOLKSPELEAAND WORD GEHOU in die
*Goodwood-Saal*
GOODWOOD
op
*Vrydag, 13 Okt. om 8 nm.*
BASAAR BEGIN VANAF 2 N.M.
ALLE AFIKANERS WELKOM.



SLUIT AAN BY
**Waterberg Begrafnis Genootskap**
wat skakel en verseker is by
**SAFFAS**
BPK.
EN VERGEET BEGRAFNIS-KOMMER.
In Waterberg- en Potgietersrust-distrikte is 'n Tak binne u bereik.
Kom sien my of skryf aan:
C. J. MARAIS,
Bus 65, NYLSTROOM.



**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
**MINNAAR & VAN SCHOOR**
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.



***'n Jong Afrikaner skryf as volg:***

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

**Meer as 200 Kursusse.**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

*In belang van Opvoeding nie van winste nie.*

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

**Helpmekaar-korrespondensie-kollege**

VOORTREKKERGEBOU 310,
HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
Posbus 3512 Foon 22-3512
(O.B., 27 Sept. 1944)


Ondersteun Ons Adverteerders

# S.A. Ingenieurs Werk Vir Vreemde Belange op Staatskoste

Verlede week is uit Casablanca, in die verre noordwestelike hoek van Afrika, berig dat die Suid-Afrikaanse Ingenieurskorps „hul grootste bydrae tot NA-OORLOGSE lugvaart byna voltooi" het, naamlik 'n groot vliegveld wat hulle in Wes-Afrika gebou het as 'n lugstasie vir die British Overseas Airways Corporation. Dit sal, so gaan die berig verder, aan die British Overseas Airways 'n vliegveld besorg wat in minstens tien jaar se behoeftes sal voorsien.

Verder is ook berig dat die Suid-Afrikaanse Ingenieurskorps 'n spoorweg in Sirië en die Libanon gebou het.

**By die lees van hierdie berigte moet onthou word dat die belastingbetaler van die Unie betaal vir die lone van daardie ingenieurs.** Nie lank gelede nie nog het die Minister van Spoorweë gekla dat ons 'n vervoerkrisis tegemoet gaan omdat daar so baie van ons ingenieurs op oorlogsdiens is en dat daar nie soveel spoorwegwaens gemaak kan word as wat nodig is nie. **Intussen is ons manne egter nie besig om oorlog te voer nie, maar om vir Britse besigheidsondernemings spoorweë en vliegvelde te bou vir na-oorlogse gebruik.**

## K.G. OP BEAUFORT-WES

### Skinder-Duiwel Het Ons Volk Verbreek

Die Kommandant-generaal het op 21 Sept. te Beaufort-Wes in 'n vol bioskoopsaal voor 'n gehoor opgetree wat uit alle politieke seksies van die gemeenskap bestaan het. 'n Kenmerk van die vergadering was die ordelikheid wat daar deurgaans geheers het. Die O.B.-Wag het hulle goed van hulle taak gekwyt.

Dr. Van Rensburg het verklaar dat daar 'n toename in sterkte van die O.B. is in die afgelope 18 maande, en dit ten spyte van die konsentreerde aanvalle van die hele geldmag soos dit georganiseerd staan in die industrie, byna die hele pers, hetsy Afrikaans, Engels of Joods. Ook die hele parlement hetsy regering of opposisie. Daarby het die O.B. te staan gekom teen die hele staatsmag met al sy speurders, tronke, konsentrasiekampe en noodregulasies. Voeg daarby ook nog die feit dat geen staatsamptenaar lid van die O.B. mag wees nie.

Voortgaande het spreker verwys na die gebed waarmee die vergadering geopen is en waarin vurigilk gebid is om Afrikanereenheid. „U het daardie gebed al baie keer gehoor. Slaan u het daarvoor in u binnekamers gebid. Maar u moet onthou dat die Almagtige al eenkeer daardie eenheid aan die Afrikanerdom gegee het. In September 1939 is in towerslag te Monumentkoppie 'n band van eenheid gelê tussen gesworе politieke vyande op 'n wyse wat niks ontbreek het aan indrukwekkendheid en skouspelagtigheid nie. Al die leiers van die republikeins-gesinde Afrikanerdom was teenwoordig. En daar in die teenwoordigheid van 'n 60,000 volksgenote, en in die teenwoordigheid van God het hulle gesweer om mekaar die hand te vat en nooit weer te los nie. Maar nouliks 'n jaar daarna is daardie eenheid uitmekaar geskinder op grond van beweerde vrymesselaarsbriewe. Hierdie euwel moet uitgedelg word as ons ons volk wil red."—(Ingestuur.)

### *Offers van die Jeug*

Die Gebiedskwartier van Cradock meld die volgende voorbeeld van jeugdige offervaardigheid:

Ons het 'n briefie van die Boereseun Alwyn Bester van Reltonstraat 41, Sidwell, P.E., ontvang waarin hy ons skryf dat hy en 'n paar van sy maats gevoel het dat dit hulle plig is om ook iets te doen teenoor die Noodhulpfonds van die Boerejeug. In die agterplaas het hy en 'n paar van sy maats bymekaar gekom en 'n klein partytjie gehou waar hulle die mooi bedraggie van 17/- byeengebring het, wat dan ook by die brief ingesluit was.

## ALEXANDRIA KOOP EIE FEESTERREIN

### Laertrekking in Desember

Tans het die Ossewabrandwag 'n paar morge grond by Boesmansriviermond bekom waar 'n pragtige feesterrein aangelê kan word. Op 'n byeenkoms van die offisiere van Alexandria is in oorleg met genl. Bellingan besluit dat die eerste laertrekking op hierdie terrein gehou sal word van 13 Desember 1944 tot 2 Januarie 1945. Die laertrekking sal gehou word vir alle Boerejeug-seuns en -dogters en die Wagafdelings van Gebied B. Ook alle offisiere en Brandwagte van Gebied B word hartlik uitgenooi. Na verwag word, sal die laertrekking ook bygewoon word deur ons Adjunk-- kommandant - generaal, genl. J. A. Smith.

Daar is egter nog heelwat fondse en arbeid nodig om die feesterrein geskik te maak. Die Alexandria-kommando's het hierdie taak op hulle geneem.

Alle Boerejeuglede en Brandwagte wat die laertrekking wil bywoon, moet die trein van Port Elizabeth na Alexandria neem die oggend van 13 Desember, of die spoorbus van Port Elizabeth na Alexandria dieselfde middag. Reëlings is getref om alle Brandwagte op 13 Desember te ontmoet op Alexandriastasie. Enige persoon wat ná 13 Desember wil gaan, moet onmiddellik vir genl. Bellingan in kennis stel sodat reëlings vir vervoer kan getref word.

## VRYBURG KRY 'N RUSKAMER

Mnr. P. J. du Plessis, oud-L.V. van Vryburg, het goedgunstiglik 'n kamer in die Du Plessis-gebou, Markstraat, Vryburg, gratis afgestaan aan die Vryburg-Vrouekommando, wat hulle voornemens is om te gebruik vir 'n Rus- en Koffiekamer ter stywing van die O.B.-Noodhulpfonds.

Voorlopig sal dit net Vrydae oop wees van 8 vm. tot 5 nm. Alle O.B.-lede en goedgesinde vriende word uitgenooi om Boerekoffie en ander Boeregregte te kom nuttig.—(Ingestuur.)

## O.B.-NAGMERRIE

Hoe die Ossewabrandwag die gedagtes van die politici oorheers, blyk uit die besprekings onlangs in die Kaapse Provinsiale Raad toe daar gepleit is om die beheer van perdewedrenne onder een sentrale gesag te plaas. Een lid het aangevoer dat as dit nie gebeur nie, die Ossewabrandwag straks 'n klub van sy eie in die lewe kan roep!


**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON



ONDERSTEUN !!!!
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT



**DEFTIGE SOMERSHOEDE**
in groot verskeidenheid
by
Steyns
Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW





**NEEM TOE IN POPULARITEIT**



**IN 'N VERANDERENDE WÊRELD**
*Kommando*
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275





JOHAN HEFER

**BINNE 10 DAE**

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:
JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.
Naam ..............................
Adres ..............................

## Geklassifiseerde Advertensies

### GEBOORTE

**JORDAAN.** — Aan Komdt. en mev. J. H. Jordaan van Johannesburg, 'n fris boeredogter op 28 Augustus. Naas die Skepper, dank aan suster en mev. Smit. Lank lewe die K.G.

### VERLOWING

**NIEBUHR — PIENAAR.** — Hiermee wens ons Christina, enigste dogter van mnr. en mev. H. A. Pienaar, Colenso en Richard, oudste seun van mnr. en mev. C. Niebuhr, Klipwal, Piet Retief, aan alle belangstellendes bekend te maak dat ons verlowingsboodjie onlangs begin vaar het op die onsienbare dieptes van die toekoms. Met ons Heiland by en met ons, is ons veilig. Lank lewe die O.B.

**VAN JAARSVELD — DU TOIT:** Ons, Francis, dogter van mnr. en mev. C. P. du Toit van Parktown, Pretoria, en Attie van Roseville, Pretoria, seun van wyle mnr. en mev. D. J. van Jaarsveld, Koster, wens aan familie en vriende bekend te maak dat ons verloof is.

### DOODBERIG

**VAN RENSBURG.** — Dit was die wil van ons liewe Heer om van ons weg te neem, ons beminde eggenoot en pappie, Willem Johannes van Rensburg, op 13 Sept. 1944; na 'n siekbed van 40 dae. Treurend, **Kinnie, Willie** en Elwee.

### IN MEMORIAM

**PIENAAR.** — Met tere liefde dink ons aan die heengaan van ons liefling seuntjie, Kenneth. Reeds twee jaar is verby en tog is dit vir ons soos gister. Sy verlangende Ouma, Mammie, boeties en sussies.

### DANKBETUIGING

**MOSTERT.** — Kommondante A. Mostert, (F1A6) Louis Trichardt, wens hiermee alle offisiere, vroue sowel as manne en al die brandwagte, hartlik te bedank vir hulle samewerking en offervaardigheid op fondsdag, 19 Augustus, so 'n groot sukses te gemaak het. Die pragtige som van £200 (wins) is ingesamel. Spesiale dank aan die vroue wat reeds voor fondsdag die bedrag van £65 gestort het, deur naaldwerk en speelgoed wat gemaak en verkoop was.

**VAN RENSBURG.** — Graag wil ons langs hierdie weg alle familie, vriende en belangstellendes bedank, wat ons so trou bygestaan het met die siekte en afsterwe van ons geliefde eggenoot en pappie. Ook Komdt. Hendrik Snyman met offisiere en manskappe vir diens met begrafnis. **Kinnie, Willie en Elwee van ensburg.**

### PERSOONLIK

**ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk.** Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

**BOERE** wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. **Nasionale Dienste,** Johannesburg, bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg **Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg.** Ons het 'n magdom kopers.

**DAMES en Here Haarkapper.** Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**JONG** Afrikaner soek vennootskap in belowende besigheid. Verstrek besonderhede van besigheid, kapitaal verlang ens., aan **„Adverteerder," Posbus 8262, Johannesburg.**

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

**ONDERSTEUN** 'n Afrikanersaak. **A. P.** Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.**

**ONMOONTLIK?** Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is, en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie.— „THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE", Posbus 1336, Kaapstad.

**RAADPLEEG H. J. van Zyl, 12de Straat 85,** Parkhurst vir die koop van 'n huis op die Rand en vir enige vorm van Assuransie.

### BETREKKING VAKANT

**ONMIDDELLIK** benodig, tydelike betrekking, 'n jong Afrikaner-seun (ongetroud) om behulpsaam te wees met algemene plaaswerk. Moet fluks, eerlik en gehoorsaam wees, en plaaswerk verstaan, en onmiddellik begin. Salaris £4 per maand met vry inwoning. **J. P. Coetzer, Zevenfontein, P.K. Palling-Kloof, Cradock.**

### BENODIG

**FLUKSE** boer soek 'n goeie plaas geskik vir skaap en bees, te huur. Vir verdere besonderhede skrywe aan **S. J. du Preez, Gwerna, Humansdorp.**

### 'N STAATMAKER

Verlede jaar is uit Boshof berig dat een van die oudste brandwagte van die kommando, brwg. Buitendag, 23 myl per trapfiets afgelê het om die O.B.-dagfunksie by te woon en sy kollektelys af te lewer. Brandwag Buitendag het hierdie jaar £5 opgespaar vir die Noodhulpfonds. Sy offervaardigheid en pligsgetrouheid het 'n diepe indruk nagelaat.

### VAKANSIEPLAAS

Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas **Vergenoegd, Riversdal.** Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, **mev. A. Badenhorst.**

### TE KOOP

**ANGELIERPLANTE.** Tentoonstellingsoorte; Pioneer en Regina, £1-5-0 per 100, £8-10-0 per 1,000, vry gelewer. Vyf verskillende soorte, 7/6 per dosyn posvry. 10% van winste is vir die Noodhulpfonds. — **J. H. Roodt, Louis Trichardt.**

**BESTEL** dadelik dagoud kuikens, Australorps en Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Bestellings vol tot einde Augustus. Vanaf daardie datum 3,000 per week beskikbaar teen £6 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.**

**BOEGOE.** — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

**KOOP** u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

**MISSTOWWE.** — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak** waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**OPREGTE,** Chantenay en Nantes Wortelsaad, 12/- per pond. 7/- per half pond. Beste Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, 4/- per half pond, gesertifiseer. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rust en Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**PATATRANKE.** — Bestel Brandwag Patatranke. Sesmaande 7/- vir 83 pond. Borrie en wit 5/- vir 43 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. **P. J. Gerber, (C. Sn.), Hoekwill, George.**

**PATATRANKE.** — 6 maande; spesiaal gegroei vir plant teen 7/- per sak. Meld u stasie. **S. P. Gerber, P/s. Serpentine, Dist. George.**

**RAMME — Merino Stoetery. —** Beperkte hoeveelheid Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstaande kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. **J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.**

**SPEELSKEIE.** — Bottelskeie teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

**5** GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG**

**KRISANTE — Oktober-November planttyd.**
Ons „DONOU" Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.
Ons „OPERA" Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.
Ons „LUUKSE" Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.
Ons „TUIN" Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.
AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, pienk, rooi, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte.
Kontant met bestelling.
Sierstruike, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-masjinerie.**
**Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.**

### VERJAARDAGKETTING

**12 Okt.:** Salmon Pienaar, George; Rosina Pienaar, George; Sarellena Maree, Stellenbosch; Pedro van der Westhuizen, Paarl; Martha Magaretha Basson, Malmesbury; Helena Meyer, George; Schalk van der Merwe, Boskuil; Daniel Roelof Snyders, Mamagalieskraal.

**13 Okt.:** George Sampson, Port Elizabeth; Salomina Henning, Levubu; Johanna Gedina du Plessis, Schuinsdrift.

**14 Okt.:** Cornelia Sophia Jansen van Vuuren, Schuinsdrift; Antoinette Cilliers, Plumstead; Nina Bezuidenhout, Bellville; Egbertus J. Dippenaar, Aughrabies; Rebellina P. Petzer, Stutterheim; George Pio, Groot-Brakrivier; Maria Kruger, Carnarvon; Piet Welman, Bethlehem.

**15 Okt.:** Delene du Toit, Observatory; Marian Roode, Paarl; Gerhardus Francois de Villiers, Laingsburg; Johan Rossouw, Ashton; Gertruida Dorithia Bezuidenhout, Vaalkop; Susaana van Heerden, Derby.

**16 Okt.:** Johanna Freda van Rensburg, Eppingtuindorp; Jacoba van Heerden, Bedford; Chris de Wit, Tarkastad; Anna Slabbert, Hugenoot; G. J. Lourens Voges, Stellenbosch; Japelina Casper Kruger, Groblershoop; Tina du Preez, Rustenburg.

**17 Okt.:** Annette Naude, Stellenbosch; Anna-Marie Wiid, Stellenbosch; Maryna Lambrechts, Paarl; Lambert Laubscher, Paarl; Rina Langeveld, Wolseley; Thomas Amoles Bothma, Merweville; Dutoit Grobbelaar, Wellington; Gertruida E. Labuschagne, Kirkwood; Elizabeth Iris Minnie, Port Elizabeth; Johanna Theart, Woodstock; Elizabeth Louisa Visser, Nababeep; Cornelia M. Koekemoer, P. Potgietersrust; Berdiena Buurman, Bethlehem.

**18 Okt.:** Jakob Theron, George; Aletta C. Kotzé, Upington; Truida van Velden, Stellenbosch; Johannes Steenkamp, Wilgenhoutsdrift; Fenton Jordaan, Groot-Brakrivier; Jacoba Terblanche Meyer, Vryburg; Johannes Petrus Venter, Schuinsdrift; Cathrina Susanna Fouché, Kommissiedrif; Sarel Francois du Plessis, Rashoop; Emanuel Wolmarans, Rietfontein.

## O.B.-DAGVIERINGS

Onderstaande is verdere verkorte berigte in verband met O.B.-dagvierings:

**Kroonstad:** Deur die drie kommando's van Kroonstad is die mooi bedraggie van £150 ingesamel, waarvan 'n basaar onder leiding van komdte. S. Gildenhuys £61 12s. bygebring het.

**Nababeep:** By geleentheid van die K.G. se besoek het die Boerejeug 'n basaar gehou van selfgemaakte artikels. Dit het die mooi bedrag van £23 ingebring.

**Vryburg:** In verband met die viering deur die Vryburgse en genl. C. R. de Wet-kommando's word berig dat genl. P. J. Grobbelaar £275 van hulle verwag het om sy beraamde £1,100 vir die generaalskap te bereik. **Hulle het hom verras met 'n opbrengs van £400. Die Boerejeug alleen het £100 ingebring.** Die Generaal en hfkomdt. W. Jordaan het as sprekers opgetree.

**Reivilo** het op 5 Aug. aangenaam feesgevier op 'n plaas en die bedrag van verlede jaar oortref.

**Bloukrans** (dist. Estcourt) se kommando het die bedrag van £54 ingesamel wat die opbrengs van verlede jaar ver oortref.

**Ventersburg** het die K.G. teenwoordig gehad en 'n reuse-welslae behaal deur die insameling van £200. Dit is byna driemaal soveel as verlede jaar se opbrengs. Hoofgenl. M. Wessels, genl. Hendrikz en hfkomdte. Gibson was ook teenwoordig.

**Die Manie Maritz-kommando** (Vryburg) het £240 ingesamel vergeleke met £133 verlede jaar. Genl. Grobbelaar en hfkomdt. Jordaan het as sprekers opgetree.

**Aliwal-Noord** het tenspyte van 'n onplesierige dag sy voorgenome £100 ingesamel teenoor £80 verlede jaar. Die Boerejeug het 'n eerste poging aangewend en £5 bygebring.

**Koedoesrand** het O.B.-dag deur sy afsonderlike assistent-veldkornetskappe laat vier en die mooi bedrag van £97 is ingesamel teenoor £35 verlede jaar.

**Primrose:** In samewerking met die Boerejeug is die bedrag van £44 ingesamel op 5 Augustus.

**Rietfontein** (Lichtenburg) se kommando's het op 10 en 19 Aug. O.B.-dag gevier en £50 10s. ingesamel. Die funksies is toegespreek deur hfkomdt. A. P. Swart, komdt. Steyn, komdte. Steinman en brwg. J. S. Labuschagne.

**Fouriesburg:** Groot geesdrif het geheers en £200 is ingesamel. Een skaap het £17 ingebring. Ds. S. J Stander en genl. H. J. du Toit het as sprekers opgetree.

**Fauresmith:** Die totale ontvangste vir O.B.-dag was £102 vergeleke met £80 verlede jaar. Genl. C. L. de Jager, Gebiedsleier, het die aand 'n belangwekkende toespraak gehou.

**Boshof** het ondanks heftige partytwis £90 ingesamel teenoor £62 verlede jaar.

**ALEXANDRIA.**—Hoewel klein in getalle het die kommando's van Alexandria vir Fondsdag onder die leiding van hul ywerige offisiere, komdt. T. J. Marais en boerejeugkomdt. H. Heunis, die pragtige bedrag van £100 ingesamel. **Dit is 'n groot prestasie as in aanmerking geneem word dat hierdie kommando's onlangs op Alexandria ook hul eie feesterrein aangekoop het.**

### VRYHEID IN ITALIË

Die amptelike orgaan van die Vatikaan het 'n beroep op die Geallieerdes gedoen om die aanranding op Italiaanse vroue en plundering deur Frans-Marokkaanse troepe stop te sit. Die blad voeg daaraan toe dat daar offisiere is wat verklaar dat hulle nie by magte is om die soldate op hul plek te sit nie. **Dorpe en streke is omgeskep in wetteloosheid wat die prestige van die besettingsmagte in gedrang bring, word ten slotte verklaar.**

Hier gee die Pouslike blad dus 'n versigtig gestelde aanduiding van die seëninge wat Britse vryheid bring!

● As die sitplek van 'n goeie mansbroek deurgaan, sny die pype net onderkant die sakke af en torring die nate los. Deur die pype nou aanmekaar te werk, kan 'n mooi halfrok gemaak word — die nou kant moet net om die middel pas.

## Schoemanello Drank....

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

**Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.